**Huiswerkvel 15 (Hoofstuk 8)**
**Lees 'n spotprent**

Bestudeer die spotprent en beantwoord die vrae wat daarop volg:

**Agtergrond:**
Sylvester, die rondloper-leeumannetjie, het in 2015 (en weer in 2016) die mense **op hol gehad** nadat hy uit die Karoo-Nasionale Park by Beaufort-Wes ontsnap het en boere op plase het **lig geslaap** met die gevaarlike roofdier in die rondte. In die 24 dae wat hy in 2015 **los geloop het/op vrye voet** was, het hy 19 skape, 'n koedoe en 'n donkie doodgebyt. Sylvester is later met 'n verdowingsmiddel uit 'n helikopter geskiet en teruggeneem na die park. Kyk net hoe slim gebruik die spotprenttekenaar humor om 'n ernstige saak uit te lig.




Leeumannetjie ontsnap uit Karoo-Park

*Met vergunning: Gallo Images*

Hier gaan die hare waai.

15.1 Hoe word die teenwoordigheid van die leeu verklaar? (1)
15.2 Watter aanduiding is daar dat die huis nie krag het nie? (1)
15.3 Wat is snaaks omtrent die vrou se woorde? (1)
15.4 Die muis se kommentaar in die hoek regs onder kan letterlik en figuurlik verstaan word. Verduidelik. (2)
15.5 Hoekom loop die oom so versigtig weg? (1)
15.6 Watter bewys is daar dat die leeu direk in die kamer ingekom het? (1)
15.7 Dink jy dit wat hier uitgebeeld word, is moontlik? Motiveer jou antwoord. (1)
15.8 Kyk of jy die taalfout in die spraakborrel kan opspoor. (1)
15.9 Watter aanduiding is daar dat die oom 'n jagter is? (1)
15.10 Verduidelik die humor in die spotprent. (2)
15.11 **Woordeskatuitbreiding**
Verduidelik die betekenis van:
15.11.1 op hol gehad (1)
15.11.2 lig geslaap (1)
15.11.3 op vrye voet (1)

**Totaal: 15**